

WEEK 5 – HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

2 Kronieke 7:13-15.

13 **As (wanneer)** Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of **as (wanneer)** Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of **as (wanneer)** Ek pes onder my volk stuur, 14 **en (indien)** my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, **dan (daarna) sal Ek (verseker)** uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.

Inleidend.

Ons pad sovêr:

- Die Here het Sy seën van ons land onttrek (vers 13) – daaroor het ons reeds gesels.
- Hy (die Here) verwag in reaksie daarop 4 handelinge van sy kinders (m.a.w. Suid Afrikaanse Christene)
 - Verootmoedig / verneder julleself – daaroor het ons reeds gesels.
 - Draai van julle bose weë – daaroor het ons begin gesels.
 - Bid – daaroor moet ons nog gesels
 - Soek My aangesig – daaroor moet ons nog gesels.
- Vorige keer – ons het begin gesels oor ons sondes wat voor die Here bely en reggemaak moet word.
- Hierdie week – ons praat vêrder oor sondes wat ons as Suid Afrikaanse Christene moet bely en regmaak.

Les 5 – Die Christen draai / bekeer van sy bose weë.

Kom ons sê dit weer vir mekaar: Dit is die Christene in Suid Afrika se sondes wat 'n skeidsmuur tussen ons land en die Here gevorm het (2 Kron. 7:14, Jesaja 59:1-2). Ons gehoorsaamheid aan die opdrag om ons te bekeer van ons bose weë (asook die ander 3 opdragte vervat in 2 Kron. 7:14) is die voorwaarde vir die uitvoer van die Goddelike belofte in die 2e deel van vs 14: “**DAN (daarna) sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.**”

Kom my Christen broer en suster – kom ons wees gehoorsaam aan ons kant van die “deal” (draai van ons bose weë) in die wete die Here sal verseker Sy kant van die ooreenkoms nakom! (Ons land genees)

Sondes van God se volk (oor wie Sy naam uitgeroep is)

Ons het voorheen geleer van 3 tipe sondes - Dit alleen (individueel) gepleeg, dit kollektief (saam met ander, of teenoor ander) gepleeg, asook sondes korporatief gepleeg as deel van 'n bevolking groep, kerk of nasie.

Ons het begin om individuele sondes voor die Here te bely, en die Heilige Gees gevra om ons te oortuig van alles wat tussen ons (Sy kinders) en die Here staan.

Die volgende sondes is reeds voor die Here bely:

- Ons sonde van biddeloosheid
- Ons verwaarlosing van Sy Woord
- Ons koudheid / afsydigheid teenoor ander wat swaarkry.

Hierdie week

Sonde nr. 4: Ons sonde van afgodediens.

Ons lees in Eksodus 20: *“Julle mag geen ander gode voor My aangesig hê nie jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie”* In die NKJV lees dit as volg: *“jou shall not bow down to them or serve them...”*

Wat is ’n afgod?

- Enigiets wat “kompeteer” met die Here vir ons aandag, aanbidding, eer, tyd, bewondering, ens.
- Dis die voorwerp / aktiwiteit / persoon / groep waarmee ons identifiseer om te probeer om die “leegheid” in ons binneste vol te maak. Dis waar ons ons innerlike vervulling kry.

Wat is die uiteinde van afgodediens?

- ’n Afgod sal ALTYD, vroeër of later, vir ons in die steek laat. Dit wat die Here vervang as voorwerp vir aanbidding, stel teleur. Iemand het gesê oor sy afgod van beroep en sake prestasie (climbing the corporate ladder): “When I got to the top, there was nothing there!” Ek sê weer – “n afgod laat ons altyd, vroeër of later, in die steek.

Voorbeelde van moderne afgode.

In bybelse tye was die afgode meer tasbaar en sigbaar as vandag. Hulle het die son, maan, diere, plante, konings, ens. aanbid.

In ons tyd is die afgode meer abstrak, maar net so werklik. Meeste van die afgode wat ons aanbid is nie op sigself boos of verkeerd nie, solank hulle hul plek ken – dis die aanbidding daarvan wat verkeerd is. Hieronder is ’n lys van “moderne” afgode. Moenie te vinnig besluit dat geen van hierdie afgode van toepassing is op jouself nie. Onthou die hart is bedrieglik bo alle dinge (Jer. 17.9). Vra die Heilig Gees om te oortuig indien jy dalk (onwetend) een of meer van hierdie afgode wel aanbid. Indien wel, dan bely ons saam ons sonde van afgodediens en onderneem dat die afgod sy regmatige plek in my lewe inneem – ondergeskik aan my liefde vir God.

Lees biddend deur die lys potensiële afgode en ons bid saam na die tyd:

- My liggaam / liggaamsbou / fisiese gesondheid
- Geld.
- Sport.
- My man / vrou / kêrel / meisie
- My pa / ma / kind / familielid.
- Televisie /sosiale media / vermaak.
- My studies / kennis / universiteit grade.
- Die natuur / natuurlewe / diereryk. (Rom 1:25)
- My land / volk / taal / kultuur.
- My kerk / gemeente.
- My beroep.

Soos genoem –nie een van b.g. is opsig self boos nie. Dis die aanbidding daarvan. Vra jouself die volgende vrae terwyl jy die lys bestudeer– watter van b.g. is vir my belangriker as my verhouding met die Here? Watter van b.g. staan tussen my en die Here? Watter van b.g. sal ek nie kan afstaan of verloor sonder dat my hele wêreld in duie stort nie?

Kom ons bid saam:

“Here, ek wil gehoorsaam wees aan U stem. Ek wil nie voor enige afgod buig, of dit aanbied of dien nie. Wys asb. duidelik, deur U Gees, waar ek afgode vir myself opgerig

het, onwetend. Ek bely nou daardie afgodediens (bely elke afgod op sy naam). Ek gee die afgod prys, in Jesus se naam. Help my Here, om daardie afgod(e) hulle regmatige plek in my lewe te gee, ondergeskik aan U, nooit plaasvervangend vir U nie. Dankie, Vader, dat U dit vir my sal doen. Amen”

Sonde nr. 5: Onvergewensgesindheid.

Ja, ek weet, die tema van vergifnis is al holrug gery. Elke gelowige weet, God kan my nie vergewe, indien ek nie ander vergewe het nie. (Matt. 6: 14,15) Ons het almal die boodskap al verskeie kere van ons gemeente se preekstoel al gehoor en sekerlik by ander geleenthede ook.

Vir ’n goeie rede – die saak van vergifnis is sentraal tot die Christelike geloof. Dink vir ’n sekonde wat dit die Here gekos het om vir ons te kan vergewe – Sy eie Seun!

Is daar enige wonder dat die Here die saak van vergifnis in Sy kinders se lewens so ernstig opneem? Menslik gesproke, is dit sekerlik die enkel moeilikste ding wat een mens kan doen – om ’n ander sy oortredinge te vergewe. Alles in my skreeu daarteen – waarom moet ek iemand vergewe wat vir my soveel kwaad, verleentheid en pyn veroorsaak het? Die antwoord is eenvoudig – (a) omdat die Here presies dit vir my gedoen het en steeds dag vir dag doen en (b) omdat die Here dit van my verwag, dis ’n Goddelike opdrag.

Maar omdat daar goeie redes daarvoor is, maak dit die saak van vergifnis nie makliker nie, dit bly ’n moeilike (soms amper onmoontlike) saak vir God se kinders.

Suid Afrikaanse bidder – as jy wil hê die Here moet ons land aanraak en genees, moet jy erns maak met hierdie saak. Kom ons vra die Heilige Gees om ons harte te deursoek. Ons gaan Hom vra om die ware stand van ons harte te openbaar, teenoor mense wat ons seergemaak het. Dalk skrik ons as ons ’n blik binne ons eie hart kry! Dis een ding om te weet ek moet iemand vergewe. Dis een ding om te sê ek het reeds daardie persoon vergewe. Dis iets totaal anders om werklik, van harte, ’n persoon volkome te vergewe en vry te spreek. Ons gaan die Here 3 ding vra:

- Ons gaan Hom vra om die gesigte en name van persone in ons gedagtes te plaas, wie ons nog nie volkome vergewe het nie.
- Ons gaan die Here vra om ons te help om daardie persoon(e) van harte te vergewe en ons gaan dan in gehoorsaamheid daardie persoon, in gebed, vergewe en vryspreek
- Dan gaan ons die Here nog een ding vra – Ons gaan die Here vra om daardie persoon(e) te seën (bless) en indien nodig, om daardie persoon te bekeer (te red en ’n weergebore kind van Jesus te maak)

Kom ons bid.

“Here, ek vra U om deur u Heilige Gees vir my nou te herinner aan elke persoon wat ek nog nie van harte en volkome vergewe het nie.

Ek vergewe nou vir (noem elkeen individueel op die naam) en spreek elkeen vry in die kosbare naam van Jesus Christus.

Verder, Here, vra ek nou vir U om elkeen te seën en voorspoedig te maak. Daarmee saam vra ek dat indien hulle nie vir U ken nie, hulle gered sal word, sodat hulle die ewige lewe kan beërwe.

Dankie Here, vir alles wat U vir my vergewe het en nog gaan vergewe, ek verdien dit nie. Dankie, vir die groot genade wat U my geskenk het om daardie persoon(e) te kon vergewe, vryspreek en seën. Sal u asb. vir my bly herinner indien daar persone is wie ek moet vergewe en vryspreek in die toekoms.

Amen.

Dit voel vir my ons het die 5 individuele sondes wat die Here op ons harte gelê het, hanteer. natuurlik is daar ander sondes, die Bybel leer "we all offend in many ways (James 3:2)" Bly asseblief vir die Here vra om te wys watter ander sondes moontlik tussen jou en Hom staan, vas in die wete dat die Here getrou is om vir ons te wys, hy het dit immers belowe (Joh. 16: 8)

Om op te som:

Ons sondig op 3 maniere - individueel, kollektief (saam met, of teenoor andere) asook korporatief (as deel van 'n groep mense, kerk of volk)

Ons was gehoorsaam om die sondes individueel gepleeg voor die Here te bely.

Volgende keer, DV - sondes kollektiewelik asook korporatief gepleeg, soos die Heilige Gees ons lei.

Seënwense

MPG gebed span.